Scriptura 15 (1985), 23-35

# OP SOEK NA DIE MENS

Prof D A du Toit
Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch

ABSTRACT: IN SEARCH OF MAN'S HUMANITY

In essence the only task the church really has, is the preaching of God's will by means of words and deeds. But in the light of the varied needs of contemporary man, living in an industrialized, urbanized and technological world, there is a formidable task ahead for the church. It will have to deal with man in his totality. Various factors impeding a proper respect for man in all his relationships is discussed, and finally a number of suggestions for relevant Christian action are made.

* * *

Daar is tans by baie mense in Suid-Afrika 'n somberheid oor die toekoms omdat hulle glo dat die kwaliteit van lewe bedreig word. As oorsake daarvan word aangewys die huidige politieke onrus en onsekerheid, ekonomiese probleme en ander sosiaal-maatskaplike faktore, veral rondom huwelik en gesin. In direkte aansluiting hierby word dan die taak van die kerk vir die toekoms omskryf.

Hierdie prosedure verontrus my. Dit kan naamlik so maklik maar weer uitloop op 'n oppervlakkige simptoombehandeling, op 'n eensydige beklemtoning van sake en op `n meeswaai in 'n pendulum-beweging wat altyd maar weer na een of ander uiterste neig. Dit gebeur byvoorbeeld maklik wanneer 'n kerk in 'n eeu van sekularisasie ter wille van sy voortbestaan soek

na sosiaal-maatskaplike of politieke relevansie deur die navolging van mode-strominge en dan in die vangstrik van politisisme vasval. Ons sou veel kon leer uit die jongste geskiedenis van die kerke van Europa en die VSA, maar die enigste les wat ons klaarblyklik uit die geskiedenis leer is die feit dat ons nie lesse uit die geskiedenis leer nie!

Die versoeking is groot om tans hoofsaaklik in sosiaal-maatskaplike en politieke terme te dink. Dit is so omdat daar enersyds groot druk op die kerk uitgeoefen word deur sake soos die huidige politieke onrus, die nuwe politieke bestel, disinvestering, die media, ensovoorts, maar andersyds tog ook omdat dit nou vir die meeste mense duidelik geword het dat die Bybel inderdaad ook 'n boodskap het vir die politieke terrein. Terselfdertyd is daar ook 'n ander verskynsel merkbaar in kringe wat groot klem op hierdie sake plaas, naamlik 'n sekere lusteloosheid en vermoeidheid.

Hierteenoor staan die praktyk van die gewone predikant, van wie feitlik al sy tyd opgeneem word deur die persoonlike, huweliks- of gesinsprobleme van die individuele lidmaat - en nie deur sosiaal-maatskaplike of politieke probleme nie. Hierdie teenstelling maak dit noodsaaklik dat ons 'n perspektief sal soek wat 'n uitsig sal bied op hierdie teenstelling.

## MENSBESKOUING

Dit is daarom uiters belangrik dat ons sal probeer om eerder die kern van die saak te vind. Alles dui daarop dat dit primêr met die **mensbeskouing** te make het: die huidige etiese krisisse ten opsigte van seksualiteit, huwelik, samelewing, ekonomie en politiek is nie in die eerste plek 'n norm- of moraliteitskrisis nie, maar 'n antropologiese krisis. Vir 'n antwoord op die vraag na die rol van die kerk sal ons eerstens moet vra na die Bybelse verkondiging aangaande die mens, en tweedens moet probeer om so duidelik en objektief moontlik 'n skets van die hedendaagse mens te gee.

Wat eersgenoemde betref, meen ek dat dit goedskiks as bekend veronderstel kan word, veral ook vanweë ons ruimtebeperking. Belangrik is die feit dat die mens, geskape na Gods beeld, op so 'n wyse deur God gewil en gestruktureer is dat hy alleen in oreenstemming daarmee sy vervulling en bestemming as mens kan bereik. Die bestaan van hierdie

struktuur en die eise vir die realisering daarvan word daagliks deur die praktyk bevestig. Die kern van hierdie struktuur bestaan in die moontlikheid wat die mens as mens besit om bepaalde verhoudinge te realiseer: die verhouding tot die transendente, tot die medemense, tot homself en tot die niemenslike werklikheid van die natuur en die produkte van sy omgang daarmee. Wanneer hierdie relasies positief, harmonies en in ooreenstemming met hulle eie innerlike wetmatighede gevul en verwerklik word, ontstaan nie alleen die realiteit van toereikende persoonsfunksionering nie, maar ook die **belewing** van welsyn, identiteit en 'n gesonde selfbeeld. Dit sluit dan in die belewing van die lewe as kwalitatief bevredigend, die ervaring van persoonlike vryheid en 'n bewustelike en vreugdevolle uitoefening van opsies om jou bestemming te bereik.

Die wesenlike gevaar is naamlik dat die mens baie maklik tot een faset van sy bestaan gereduseer sal word, of ook hoofsaaklik in terme van slegs een van sy konstitusionele verhoudingsmoontlikhede gedefinieer word: so kan of die vrome Godsverhouding, of die opsigself aangewese individualisme, of die sosiaal-politiese, of die materialistiese vereensydiging van die mens lei, nie alleen tot 'n skeefgetrekte mens**beskouing** nie, maar inderdaad tot 'n mens**tipe** wat nie meer in staat is om die volle sin en kwaliteit van sy menswees te ervaar nie.

## DIE NUWE MENS

Dit is egter nou juis hierdie belewing van identiteit, vreugde en lewenskwaliteit wat grotendeels vandag ontbreek. Afgesien van eilandjies van vreugde en rus in die huwelik, sport of werk, is die moderne mens onrustig, onseker en opgejaag. As gevolg van bepaalde sosiale, maatskaplike en ander magte het 'n verdraaide/foutiewe/erg gereduseerde mensbeeld/-tipe ontstaan. Hierdie mens is moeilik om te vind, want dis **ons self** - met ons vergiftigde gestelle weet ons selfs nie eens daarvan nie ... behalwe dat ons opgejaag en soekende is, die spreekkamers van dokters en sielkundiges volpak, ons huwelike en gesinne opbreek, nie in staat of gewillig is tot vreedsame en volwasse politieke veranderings, petrolbomme gooi, verslaaf is aan kos, drank en dwelms, en in die algemeen sit met 'n identiteitsnood van rampomvang: wie is die mens? **wie is ek**?

Die oorsprong van hierdie nuwe mens moet histories onder meer gesoek word in die proses van industrialisasie en tegnologiese ontwikkeling.

## MATERIALISME

Dit het aanleiding gegee tot 'n materialisme waarvan ons nie naastenby die omvang besef nie (dis **ons self!**). Heel eenvoudig gestel beteken materialisme dat die stoflike/materiële/geld vir ons die belangrikste en inderdaad die enigste werklikheid is. Ek praat nie van ons teorië nie, ek praat van ons praktiese lewe. Dit beteken

* dat ons menswees en ons waarde (en dus ons menswaardigheid!) gemeet word in materiële terme van produksie en verbruik - of ek nou wit of swart is: ek **is** wat ek **presteer** (produseer), en my verbruik (motor, huis, klere) maak dit bekend

* dat hierdie materialisme 'n produksiedwang/woede is wat sy eie wette en norme opstel: hierdie dwang vereis meer as behoeftevervulling, naamlik behoefteskepping, en daarom 'n aggressiewe reklame-diktatuur, en daarom 'n kits- en morsmentaliteit, gebou op 'n sterk gesuggereerde ontevredenheid met die bestaande, met 'n ewe sterk suggestie van persoonlike bevrediging as die hoogste norm.

Op hierdie wyse skep die materialisme 'n nuwe menstipe wie se **ideaal** die **materie** is en leef van die eenvoudige filosofie van uitruilbaarheid of vervangbaarheid - 'n filosofie wat ook oorgedra word op die totale lewe: loopbaan, onderwys, gesin, huwelik en godsdiens. Wat nie persoonlik bevredig nie, word dadelik vervang!

## TEGNOLOGIE

As die belangrikste werklikheid en norm vir die mens die materie is, is dit maklik om onder hipnose van 'n duiselingwekkende tegnologiese ontwikkeling die mens al meer te sien

as 'n tegnies manipuleerbare en beheerbare meganisme. Naas die probleme van rekenarisering en outomatisasie van sy ganse leefwêreld, word die aandag net op een saak gevestig. Die moderne wetenskap het naamlik ongelooflike mag verkry oor die fisieke lewe van die mens: deur voorbehoedmiddels kan dit lewe voorkom, deur kunsmatige inseminasie en in vitro-bevrugting kan dit lewe begin, deur genetiese manipulasie kan dit lewe selekteer en verbeter, deur masjiene, medikasie en chirurgie kan die lewe verleng word, en deur aborsie en genadedood kan die lewe vernietig word. By al die positiewe hierby betrokke is dit egter ongelukkig ook waar dat daar 'n illusie van finale mag en heerskappy oor lewe en dood geskep word; en dit lei tot 'n gevoel van bedreigdheid.

Die droom van volledige kontrole oor die mens word ook oorgedra op ander lewensterreine. Op die gebied van die ekonomie is daar die reklame-praktyk wat met die aanwending van alle middele die verbruiker wil manipuleer, terwyl hy in elk geval dikwels verplig word tot dwangaankope wat meer behels as wat sy direkte behoefte is. Op die politieke terrein is dit nie net die praktyk van diktatuur om oor mense te besluit nie, maar kom dit ook voor in die hoogs gereglementeerde Westerse welsynstate. Dit alles dra by tot 'n bestaansangs en 'n gevoel van bedreiging.

## LEWENSBEDREIGING

Benewens die feite word die mens se lewe en die kwaliteit daarvan tans van alle kante bedreig: verkeersongelukke, nywerheidsbesoedeling, terrorisme, bomontploffings, hongersnood, rampe, kernwapens, nuwe siektes (Kongo-koors, VIGS), ensovoorts. Die media (veral televisie) wat dit alles elke dag in grusame detail in ons voorkamer bring, het egter ook 'n uiters ontstellende kondisioneringseffek: die aanvanklike skok en afgryse verdwyn en ons raak **gewoond** aan lyke en nogmaals lyke, aan die feit dat mense geskop, geslaan, verbrand, vermink, geskiet en vermoor word. Fiksie en vermaak konsentreer al meer op geweld as **ontspanning**: waar nog afgesien word van fisieke geweld word dit vervang met verbale geweld (Maude, Quincy), terwyl ons fiktiewe toekomsprojeksies (Star Wars, Star Trek) as hoofbestanddeel konfrontasie, geweld en stryd het. En by Kersfees, die fees van vrede, gee ons aan ons kinders geweldspeelgoed as geskenke! Seksueel gesproke word die mens en sy liggaam tot verbruiksartikel gedegradeer. Geen wonder nie dat ons huidige algemene lewenstyl geken-

merk word deur 'n geslote, afwerende/aanvallende houding en aggressie, en 'n totale afwesigheid van persoonlike openheid, wellewendheid en goeie maniere (vergelyk die sogenaamde stadsgedrag, die verkeersituasie, korrespondensie-kolomme, ensovoorts).

Onder invloed van al hierdie ontwikkelinge het ons klaarblyklik 'n situasie bereik waar 'n nuwe mensbeskouing na vore tree - en dit is seker die mees ontstellende aspek van die hele saak. Want dit kom daarop neer **dat die mens in sy totale liggaamlike en psigiese integriteit nie langer met onvoorwaardelike respek as heilig en onaantasbaar gesien word nie.** In hoeverre dit al feit geword het, blyk byvoorbeeld daaruit dat, in terme van die liberale aborsie-wetgewing in talle sogenaamde Christelike lande, dit nou vir die eerste keer in bykans twee duisend jaar van Christelike geskiedenis inderdaad moontlik is om die lewe van 'n weerlose en onskuldige mens te beëindig sonder verhoor of skuldigbevinding, en in meer as 90% van alle gevalle bloot ter wille van die gerief van die moeder.

**VERSTEDELIKING**

Voordat ons by die taak van die kerk kom moet nog kortliks gewys word op enkele van die gevolge van die geweldige verstedelikingsproses wat industrialisasie vergesel het.

Dit het naamlik geboorte geskenk aan die sogenaamde massamens. Vanweë die opeengehoopte massa mense was die (noodsaaklike) identifisering alleen moontlik deur middel van numerering: hy het al meer nommers gekry, totdat sy ganse lewe identiteitsloos deur syfers gestempel is. Hierdie identiteitsnood is die hoofoorsaak van 'n universele bestaansangs.

Andersyds maak groot getalle mense strenge reglementering noodsaaklik. Administratiewe en owerheidsmaatreëls begin al meer fasette van die mens se lewe beheer, maar ook in sy sogenaamde private lewe staan die mens onverpoosd in 'n bevelsituasie: vandat sy wekker vroeg in die oggend sy eerste skril bevel uitskree, dwarsdeur al die situasies van stopstrate en verkeersbevele, werksbevele en burokratiese eise, totdat hy laataand nog vir oulaas 'n paar reklame-bevele van die televisieskerm ontvang ("Man, jy het dit nodig!").

## INDIVIDUALISME

Dit lei na reaksie: teenoor die bedreigende massa mense rondom hom trek hy terug, gryp hy as 't ware in 'n wanhoopsgreep na homself of wat nog daarvan oor is, sluit hy hom af van ander mense. En die beste middel vir hom is 'n onbetrokkenheid, 'n skynbare ongevoeligheid en selfs 'n aggressie en 'n dreigende, afwerende houding: "Bly weg!"

Die gevolge is tragies sowel as katastrofies. Die sogenaamde moderne mens weier om sosiaal betrokke te raak (vergelyk kerke, verenigings, aanrandings) en onttrek hom aan die noodsaaklike relasies tot skool, kerk, samelewing en staat. Buurman is nie meer 'n broer of vriend in nood of vreugde nie, maar kompetisie vir jou pos, jou status, vir 'n parkeerplek of 'n rugbykaartjie. Die gevolglike **eensaamheid** probeer hy ontkom deur 'n roekelose gejaag na vermaak, deur drank en dwelms, maar meestal ook in 'n huwelik en gesin. Maar ook dit het 'n skadukant, want in die proses word die gesin (wat ter wille van ekonomiese mobiliteit so klein as moontlik bly) in werklikheid tot 'n afgod wat in al die behoeftes moet voorsien. Sy wanhoopsgreep na homself beteken nou egter dat hy ook die gesin afsluit teen beslaglegging deur die samelewing, en daardeur word die moderne gesin 'n karikatuur, 'n gesin agter geslote deure, 'n gesin sonder die lewensnoodsaaklike vensters op skool, kerk en samelewing. En daarom versmoor en verbrokkel dit spoedig.

## NORMKRISIS

Die moderne mens onttrek hom nie alleen aan die gemeenskap nie, maar in reaksie teen die ononderbroke bevelsituasie waaraan hy onderworpe is, ook aan die **gemeenskapsnorme** en trouens selfs aan alle eksterne norme (ook van God of kerk). In sy bevelsvermoeidheid weier hy alle eise ten opsigte waarvan hy nog 'n sekere opsionaliteit ervaar (vloektaal, dronkenskap, egskeiding, eerlikheid) - iets wat origens nie so moeilik is in die lig van die ver gevorderde sekularisasieproses nie. Ten opsigte van hierdie sake eis hy vir homself die ekstreme vryheid van die ekstreme individualisme: "the freedom even to destroy yourself".

Dit lei daartoe dat die tradisionele samebindende en **normondersteunende funksie** van die samelewing ("so iets word

nie gedoen nie") verval, en veral ook dat die tradisionele **gesagsverhoudinge** sinloos word - en waar dit verdwyn, verdwyn ook die moontlikheid van **lojaliteit** in alle verbande. Die verdwyning van gesagsverhoudinge, wat altyd ook funksioneer as veiligheids- en sekuriteitsgrense, dra egter ook baie by tot die bestaansangs van die ont-grensde moderne mens.

Dit lei egter ook daartoe dat gemeenskapsbetrokkenheid, in die sin van staatsburgerlike of **politieke betrokkenheid,** in die lig van die materialisme en individualisme, nie langer 'n breë en omvattende gemeenskapsordenende aktiwiteit is nie, maar al meer gerig word op die seksionele behoud of verkryging van ekonomiese en materiële voordele. Sodoende word die politiek bloot die middel tot die beheer van die ekonomie - en as dit lank genoeg aanhou, loop dit uit op nasionale armoede of op die tans so bekende Wes-Europese welsynstaat, wat in sy persoonsversmorende effek weinig van 'n diktatuur verskil.

## DIE TAAK VAN DIE KERK

1 Uit hierdie enkele lyne is dit al oorvloediglik duidelik dat die kerk nie sy rol kan beperk tot die van blote genesingsdienste, oppervlakkige politiekery of status quo-verdediging nie. Die taak van die kerk word bepaal deur die **wese** van die kerk soos dit na vore tree in sy drievoudige ampsroeping. Die konkrete gestalte van sy betrokkenheid word egter bepaal deur die **nood** van die mens - hoe en waar dit ook al mag voorkom. In essensie het die kerk geen ander taak nie as die profetiese verkondiging van Gods wil deur woord en daad, en in die lig van ons analise van die faktore wat die mens bedreig in die vervullende realisering van al sy relasies, is dit 'n oorweldigende opdrag wat in die toekoms na die kerk sal kom. Dit is die **mens,** God se mens, wat alle terreine van die lewe saambind en kieskeurigheid en selektiwiteit in kerklike betrokkenheid (slegs politiek, slegs bekering, slegs sedes, slegs genesing) ongeloofwaardig, oneffektief en onmoontlik maak. Voor die kerk staan die **totale** mens, en daarom sal die kerk juis in sy rol die mens moet help om die uiteengeslane terreine van die lewe te integreer, maar meer nog: die kerk sal met groot krag moet getuig daarvan dat God die mens, onder andere, in bepaalde verhoudingsmoontlikhede geskape

het, en dat die mens se belewing van sy lewe as kwalitatief bevredigend en sinvol volkome afhanklik is van die positiewe realisering van hierdie relasies.

2 Die belangrikste relasie waarin die mens staan is die relasie tot die Transendente. Die kerk sal teenoor alle ideologieë (= afgodery), maar veral teenoor materialisme kragtig moet verkondig dat daar maar **een** God is. Dit sal waarskynlik ook beteken

* 'n groter klem op sending, evangelisasie en bekeringsprediking;

* 'n groter klem op 'n lewe van persoonlike toewyding en vroomheid (teenoor ongesonde piëtisme sowel as 'n koue saaklikheid) - ook bieg en vas;

* 'n groter klem op skuldbelydenis en berou (individueel en kollektief);

* 'n herstel van die egte gesag van die Bybel;

in kort dus: 'n lewe voor die aangesig van God.

3 Die kerk sal met krag moet getuig dat die mens in sy **liggaamlike en psigiese lewe en integriteit heilig en onaantasbaar** is en daarom alleen met onvoorwaardelike respek en agting bejeën moet word. Die kerk sal daarom moet protesteer teen grensoorskrydende tegnologiese, materialistiese, ekonomiese (reklame), politieke en seksuele manipulasie van die mens; teen die toenemende geweld in die samelewing en die verheerliking daarvan in fiksie en film; teen alle vorme van lewensbedreiging wat soveel bestaansangs by die mens skep. Dit is wat naasteliefde ook beteken.

4 Hierdie gebod van naasteliefde vereis dat die kerk in verkondiging sowel as in voorbeeld moet streef na 'n **nuwe en egte gemeenskap** waarin die (liefdes-) elemente van betrokkenheid, goeie buurskap, wellewendheid, goeie maniere, onderlinge hulpbetoon, lojaliteit en ander sake wat 'n nuwe gestalte van mede-

menslikheid sal kenmerk, opgeneem is. Daarom sal die kerk moet protesteer teen die ekstreme individualisme en die samelewing wat daartoe lei, asook al die gevolge daarvan: aggressie, konfrontasie, egoïsme, eensaamheid en verder alles wat bydra tot 'n algemene negatiewe en afwerende lewenshouding. Die feite is doodgewoon dat daar vandag weinig faktore en instansies oor is wat die bestendiging van die samelewing bevorder. Daarom het die kerk 'n groot verantwoordelikheid in hierdie opsig.

5 Binne die konteks van 'n egte gemeenskap sal die kerk met groot krag moet getuig vir die behoud en die versterking van die lewensnoodsaaklike verbande van **huwelik en gesin.**

Indien dit waarlik gaan om die verbetering van die kwaliteit van die mens se lewe, sal die kerk nie alleen die konsekwensies van sy eie oortuigings nie, maar ook die resultate van empiriese navorsing ernstig moet neem in soverre dit gesin en huwelik betref.

6 In die lig hiervan het die kerk die taak om nie alleen te streef na die struktuur van 'n egte gemeenskap nie, maar ook na die funksionering van **gemeenskapsnorme**, gesag en lojaliteit, waarin die breëre verbande van kerk en skool 'n beduidende rol speel.

7 Dit maak dit onvermydelik dat die kerk ook sy roeping ten opsigte van die politieke terrein sal nakom. Teenoor alle gevaarlike partypolitieke affiliasies, teenoor oppervlakkige politisisme wat die kerk in sy politieke aktiwiteite laat opgaan, sal die kerk vanuit 'n suiwer mensbeskouing moet kom tot die besef dat die **saak van menseregte** (ten spyte van alle misbruik en politiekery) met die hart van die evangelie te make het. Terwyl die kerk dus sal moet protesteer teen 'n reduksie van die mens/teologie/kerk se taak tot die politiek, teen die misbruik van menseregte (bloot net om ander groepe op hulle plek te sit), teen die misbruik van menseregte as 'n blote masker vir jou eie afguns, nyd en haat, en teen die illusie dat menseregte as 'n wondermiddel menswaardigheid kan skenk, sal die kerk positief moet getuig dat die saak van menseregte te make het met die Bybelse begrippe van geregtigheid, billikheid, regverdigheid en

naasteliefde, met die moontlikhede wat God aan die mens skenk in alle relasies en op alle terreine van die lewe.

8 Die kerk sal veel sterker as in die verlede na vore moet tree as verkondiger van **vrede** en homself moet weerhou van alle uitsprake wat dit mag bedreig.

9 Die kerk sal in lyn met die eise van die liefdesgebod moet aantoon dat menswaardigheid en kwaliteit van lewe nie bloot bereik word deur mense sekere "regte te gun" nie, maar eers deur liefdesbetrokkenheid en diens wat mense positief help tot die daadwerklike realisering van sy moontlikhede - hierin moet die kerk verder gaan as enigiemand anders!

10 Dit sluit ook in dat die kerk sal moet verkondig dat egte menswaardigheid en vryheid ook alles te make het met die sedelike gehalte van die mens se lewe, en dus met sy eie persoonlike integriteit en subjektiewe verantwoordelikheid.

11 Die kerk sal met krag moet getuig vir die behoud van die **natuur** (teenoor alle materialistiese uitbuiting en besoedeling, produksiedwang en industrialisme) in 'n balans van **bewerk** en **bewaak,** asook vir die herstel van die mens se verhouding tot die natuur - iets wat nie bloot met parke, potplante, pieknieks, "pets, pools and prettification" bereik kan word nie.

12 Ter wille van die funksionering van die mens in die volheid van al sy relasies, waarmee sy integriteit en sy ervaring van sin en kwaliteit saamhang, sal die kerk hom moet beywer vir 'n minimum van **owerheidsbetrokkenheid** op alle lewensterreine.

## L I T E R A T U U R

Benne, R 1981. **The ethic of democratic capitalism.** Philadelphia: Fortress Press.

Boon, R 1976. **Het christendom op de tocht.** Kampen: Kok.

Borchert, D M, & Stewart, D (reds) 1979. **Being Human in a technological age.** Athens, Ohio: Ohio University Press.

Cesaretti, C A (ed) 1980. **The Promotheus Question.** New York: The Seabury Press.

Griffiths, B 1982. **Morality and the market place.** London: Hodder & Stoughton.

Heim, K 1953. **Christian faith and natural science.** London: SCM.

Heyns, J A 1974. **Die mens. Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge.** Bloemfontein: SACUM.

Kouwenhoven, A 1981. **Inleiding in de economische ethiek.** Nijkerk: Callenbach.

Lucas, G R & Ogletree, T W (eds) 1976. **Lifeboat ethics.** London: Harper & Row.

McDonald, H D 1981. **The christian view of man.** London: Marshall Morgan & Scott.

Meadows, D L, Meadows, D H, Randers, J & Behrens, W W III 1974. **The limits to growth.** Washington: New American Library.

Neuhaus, R J 1984. **The naked public square.** Grand Rapids: Eerdmans.

Packard, V 1967. **The waste makers.** New York: Penguin Books.

\- 1977. **The hidden persuaders.** New York: Penguin Books.

Shinn, R L 1968. **Man: the new humanism.** London: Lutterworth Press.

Shriver, D W & Ostrom, K A 1977. **Is there hope for the city?** Philadelphia: The Westminster Press.

Smits, P 1981. **Veranderend wereldbeeld, mensbeeld, godsbeeld.** Assen: Van Gorcum.

Taylor, G R 1977. **Rethink.** New York: Penguin Books.

Taylor, J V 1977. **Enough is enough.** Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Thielicke, J 1978. **Mensch sein, Mensch werden.** München: Piper.

Van der Kooij, A W 1982. **Ik of gij?** Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.